Christelike Biblioteek

# Die Vraag Waaroor Jona Swyg

*"Vertel ons tog om wie se ontwil hierdie ramp ons getref het? Wat is jou nering? En waar kom jy vandaan? Wat is jou geboorteland, en uit watter volk is jy?"*

(Jona 1:8)

Om te luister na wat nié gesê word nie is belangrik vir die verstaan van die Bybel, en gewis van die kort boek van Jona. Die skeepslui stel vier vrae, Jona beantwoord net drie.



## **'n Ontdekkende vraag**

Nee, Jona het nie agtelosig één van die vrae nie beantwoord nie. Daarvoor is die vraag te pertinent. Onbewus stel die heidense seelui *die* vraag van die boek Jona. Jona is 'n profeet, maar hy weier sy diens. Hy is deur sy Sender geroep om na Ninevé te reis om daar te gaan preek. Die boodskap wat hy in die Naam van God moet bring, is duidelik. Na veertig dae sal Ninevé vergaan; Ninevé sal soos Sodom en Gomorra in die gerig van God ondergaan. Jona weier om te gaan. Sonder om 'n woord te praat, bespreek hy 'n skeepsreis na die ander einde van die wêreld. Hoe verder hy van Ninevé kan kom, hoe beter.

Maar Jona het nie op God gereken nie. Op die mees onverwagse oomblik werp God 'n orkaan op die see (vs. 4) wat soos 'n rots reg langs die skip neerkom. Die heidense seelui bespeur hierin 'n goddelike hand. Terwyl hulle werk om die skip te red, bid hulle tot hulle gode. Intussen slaap Jona diep onder in die ruim van die skip. Selfs die onnatuurlike orkaan kry hom nie wakker nie. Een van die heidene roep Jona uit sy slaap. Die heidene is nou seker: die elemente is teen hierdie Jona gerig. Wat is fout met hierdie man? In hulle onskuld en angs vir die onbekende ondervra hulle vir Jona. Meteens klink dit in die tierende storm, reg op die man af: "Jona, wat is jou nering?" Jona swyg. Ja, hy swyg! Hy verswyg nie afkoms nie; hy praat oor sy God wat hy vrees, maar hy verswyg sy roeping! Op dié deurslaggewende tydstip oorval 'n stilte hom. 'n Pynlike stilte. Hierdie kneg van God praat óór God, maar wil nie meer in die Naam van God praat nie.

> Hierdie kneg van God praat óór God, maar wil nie meer in die Naam van God praat nie.

## **'n Ontmaskerende antwoord**

Is Jona bang? Bang vir Ninevé? As een van ons geroepe sou wees om aan die burgemeester van Johannesburg te gaan vertel dat sy stad oor veertig dae omgekeer gaan word – sou u durf gaan? Ons kan reken op belediging, onverskilligheid, ergernis of selfs aggressie. Sou ons gewillig wees? Gewillig ter wille van die Woord en ter wille van ons Sender? Kan ons, die kerk in hierdie jaar, nog 'n antwoord gee op die vraag na ons roeping? Wíl ons nog op die vraag antwoord? Ja, ons praat nog oor God, sonder verbintenis en op 'n afstand; maar nie persoonlik vanuit God op die hart gerig nie. Het ons bang geword en is ons daarom nie meer eerlik nie? Word daar in u gemeente nog gereeld oor sterwe, die hel en die laaste oordeel gepreek?

Tog is dit nie vir Ninevé wat Jona bang is nie. Die pyn sit aan die ander kant. Hy is nie bang vir die wêreld nie, hy is bang vir God. Ja, bang vir God! Wanneer Jona langs ompaaie tog in Ninevé beland en preek, kom die stad tot inkeer. Terwyl Jona buite die stad wag op wat gaan kom, gaan jonk en oud in die stad op hulle knieë om die naderende gerig af te bid.



*"Wie weet of God nie sal omkeer en berou sal hê nie, sodat Hy Hom afwend van die gloed van sy toorn en ons nie vergaan nie."*

(Jona 3:9)

En God hoor die gebed en skenk genade. Op daardie oomblik kom Jona se ware motief voor die dag. Waar Nineve op hoop, staan by Jona lank al vas: God is genadig (Jona 4:2). Daarom slaan Jona op die vlug. Hy het geweet: as die prediking van die gerig die harte van Nineve raak, gaan God hulle verhoor. En Jona gun Ninevé nie 'n genadige God, en vir God nie 'n biddende Ninevé nie.

## Die ewewigtige Woord

Ons word daarmee gekonfronteer dat God juis 'n heiden in die storm gebruik om die vraag na die roeping van Jona, waarvan hy wegvlug, te stel. Deur sy vlug en sy swye daarna, hou Jona die Evangelie van die heidene terug! Juis hierdie moment werp ook 'n verrassende lig op die wese van God se barmhartigheid. Dit is nie na die mens nie, nie danksy die mens nie, selfs nie altyd danksy die prediker nie. Uiteindelik hoor Ninevé die Woord, enkel en alleen danksy God. In die eerste instansie is dit die Woord van oordeel en gerig. Maar daaragter sit God se hart van eensydige liefde. God stel die gerig in diens van die genade. Hier word 'n spieël voor ons gehou. Wie die oordeel verswyg, (s)preek nie ewewigtig oor genade nie; hy kan ook nie oor genade spreek en die kruis verswyg nie! Lê hierin nie rede vir groot kommer nie? Glo ons nog in ons roeping? Beweeg ons (s)preke oor die kruis nog tussen die pole van Wet én Evangelie? Die stilte van Jona word uiteindelik deur die spreke van God verbreek. Dié Woord skep verwondering! Ook vandag. Kerk, ondanks die kerkmens, ondanks die predikers. Enkel danksy die eensydige trou van God, danksy sy verkiesing. Alleen ter wille van God se welbehae. Wie kan dit kleinkry?!

Wie die oordeel verswyg,
(s)preek nie ewewigtig oor genade nie;
hy kan ook nie oor genade spreek
en die kruis verswyg nie!

CP de Boer

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Nic Grobler vertaal.*